Project name: AL3283

Date of interview: 31 August 2009

Location of interview: Winternest, Pretoria

Language/s of interview: Afrikaans

Length of interview:

Name of Interviewer: De Wet Potgieter

Name of interviewee/s: General Herman Stadler

Name of translator (if any):

Name of transcriber: De Wet Potgieter

Notes on access and use (if any):

Audio file name/s of interview: AL3283_PTA_STADLERHERMAN_20090831_2

| | |
|---|---|
| Interviewer | Ek sit hier met generaal Herman Stadler, afgetrede hoof van die veiligheidstak se intelligensie-eenheid. Dit is Maandag die 31 ste Augustus 2009. Herman, kan jy net vir ons die voorval waar Dieter Gerhardt destyds gevang is as die Russiese spioen. Jy was die belanrgikste persoon, jy het aan die hoof van die ondersoek gestaan na hy gevang is.<br>Kan jy miskien net verduidelik hoe dit gekom het dat die Amerikaanse betrokkenheid dat hy gevang was en dan ook miskien bietjie uitbrei oor die kwessie van die weermag se alle data wat hulle so op een rekenaar gaan staan en sit het en wat hy so kon melk na willekeur. Oor na jou. |
| Herman | Ja, De Wet, oor Gerhardt kan mens natuurlik baie gesels. Ek het 'n artikel geskryf, die Gerhardt-sage, wat die dinge deeglik uiteen gesit het.<br>Net kortliks. Hy het 'n interresante geskiedenis. Hy kom eintlik van Duitsland af. Twee van sy broers, hulle was drie broers gewees, twee van hulle was in Duitsland gebore. Ek dink hy is hier gebore.<br>Maar sy pa was geïnterneer gedurende die oorlog en hy was baie lief vir sy ma gewees. Hy was so jong kannetjie gewees. As gevolg van sy Duitse agtergrond gedurende daai jare was hy so bietjie uitgebak by die skole. Sodanig dat hy op stadium van |

| | |
|---|---|
| | skole moes verwissel. Sy pa is toe geïnterneer en sy ma moes die pot aan die kook hou en hoe swaar sy gekry het, toe het hy so ŉ wrewel teen die samelewing begin ontwikkel.<br>Sy pa was natuurlik later toe weer vrygelaat, en as gevolg van sy agtergrond toe die nasionale party aan bewind kom het hy toe weer natuurlik ŉ redelike posisie beklee en so aan.<br>Maar as gevolg van daai probleme het hy toe as jong seun, hier in standerd nege, dink ek, het hy toe begin om kwaad te doen. Vat hy somer mense se karre ry daarmee en los dit dan weer net iewers. Toe het die polisie hom gevang en hy het ŉ paar houe met ŉ rottang gekry.<br>Maar as gevolg van sy pa se invloed was hy toe in die vloot opgeneem en waar hy, hy is natuurlik ŉ briljante persoon, waar hy toe ook sy matriek, onder andere geslaag het. Hy het vinnig opgang gemaak in die vloot. Hy was ook een van die ouens wat ŉ toekenning gekry het vir die beste kandidaat as jong vlootman.<br>Toe het hy natuurlik begin om in die weermag sy diensplig te doen. As gevolg van sy, nie sy diensplig nie, het hy by die vloot aangesluit. As gevolg van sy briljantheid, sal nou maar sê, is hy verskeie kere oorsee gestuur om daar dan nou, kyk daai tyd was die Britse vloot was eintlik ons mentor gewees en hulle het verskeie kursusse in Brittanje gaan deurloop.<br>Terwyl hy onder andere by een van hierdie kursusse was, het hy sy eerste vrou Jeanette ontmoet wat uit ŉ baie ryk familie kom. Baie verlief op hom gewees en hy was verlief op haar gewees.<br>Toe het hy besluit, en hy mag nou sê dis as gevolg van sy politieke oortuiginge, maar uit gesprekke het dit baie duidelik uitgekom, hy wou vir Jeanette net die beste gee.<br>Hulle is toe later getroud en sy het Suid-Afrika toe gekom en sy het nie lekker aangepas in Suid-Afrika nie. Toe het hy besluit toe hy weer oorsee gegaan het op ŉ kursus het hy besluit hy wil nou bietjie ekstra geld verdien.<br>Snaaks genoeg toe het hy eers die Amerikaanse konsul daar genader en toe wou hulle niks van hom weet nie en hom die koue skouer gegee.<br>Nou hy het toe die Russiese ambassade genader wat ons noem as 'walk-in', met ander woorde ŉ persoon wat sy dienste aanbied. Hulle het hom ook bietjie aan ŉ lyntjie gehou. Nou as ŉ persoon na my toe kom, ek het ook met agente gewerk, dan sal ek ook bietjie skepties wees hoekom hulle vir my wil werk. Is hy nie dalk ŉ dubbel- of trippel agent nie?<br>Na ŉ ruk het hy in elk geval ŉ klomp goed van die Britste vloot het hy gekopïeer en hy het dit na die mense toe gevat en vir hulle gesê, luister, ek wil vir julle werk. En toe het hulle begin om hom op te lei. Veral in die rigting van fotografie en fotografiese rigting en daai tipe van goed.<br>So het dit aangegaan en hy is natuurlik later terug Suid-Afrika |

| | |
|---|---|
| | toe en so het hy toe maar voortgegaan met sy dienste. Hy het vir 'n tydperk van 30 jaar, van 1963 tot 1983, het hy vir die Russe gewerk.<br>En ek kan vir die mense die versekering gee hy het ons, die weermag, en veral die vloot, totaal gekompromiteer. Die rede daarvoor is hy het natuurlik 'n redelike posisie hier by weermaghoofkantoor gehad. Hy het onder andere ook die Bril-biblioteek, wat hy die Bril-biblioteek genoem het, gesit waar hy al die inligting wat, die weermag het natuurlik geweldige navorsings-fasiliteite, en hy het natuurlik toe nou daarvan gebruik gemaak, maar daar was nêrens 'n punt waar al die goed geamalgameer kon word nie.<br>As 'n man navorsing wil doen moet jy na die verskillende seksies toe gaan. Die Bril-biblioteek het toe al die goed saamgevat. Soos hy vir my gesê het dit was nou 'n goeie ding vir die weermag- hy het 'n pluimpie daarvoor gekry-, maar hy het natuurlik ook die inligting gekompromiteer.<br>So het hy maar deur die jare gewerk, en toe het hy en Jeanette later geskei, maar voor hy nog finaal geskei is, want sy wou nie langer hier aanbly nie, hulle het drie kinders saamgehad, toe het hy begin om noustrop te trek, want hy moes baie keer oorsee gaan. Hy moes verskeie kere na Rusland self gaan, na centre waar hy ook nou opleiding gekry het en waar hulle ook vir hom sekere inligting gegee het.<br>Op 'n stadium het hy toe vir centre gesê dat hy bietjie probleme, hy kan nie by alles uitkom nie en hy wil nou 'n assistent hê. Maar terselfdertyd terwyl hy daar was het hy Switserland toe gegaan vir 'n ski-vakansie en daar sy tweede vrou, Ruth, ontmoet. Nou Ruth was toe onmiddelik verlief op hom gewees en hy lief vir haar, maar dit was ook baie handig, hy kon gebruik maak van haar want sy bly in Switserland daar was dit nou maklik.<br>Hulle is toe getroud, maar wat gebeur het, Ruth het uit 'n arm familie gekom, baie oulike mens gewees, vreeslik energiek gewees. Ek meen ek het nou ondervinding self daarvan want ons het verskeie kere daar na Kaap toe gegaan daar na hulle huis toe wat ons deursoek het.<br>Sy het toe begin funksioneer as 'n koerier en sy het maar jaarliks, partykeer drie keer 'n jaar, het sy nou die goed, die fil ms wat hy hier, die foto's wat hy hier geneem het van dokumentasie en daai tipe van goed het sy toe natuurlik vir mense in die buiteland op 'n geheime sending wat hulle toe gegaan het.<br>Een van die sendings, ek het nog 'n tipe van 'n storietjie daarvan gemaak, het sy gegaan en dan moet sy nou 'n rooi serp dra sy moes 'n dokument dra met 'n rooi omslag en dan hulle op 'n sekere plek ontmoet en dan sal hy nou vra, jy weet sekere woorde kies wat hy dan nou sê. Maar die gewone James Bond- |

storie. En dan sal sy nou antwoord op sekere manier en dan as hulle nou seker is oor die identiteit dan sal sy die goed oorhandig deur middel van sakke ruil.

Sy was oor jare so koerier gewees. Op 'n stadium het hy, want hy wou nie vir Ruth te veel betrek nie, toe later het hulle 'n seuntjie gehad. Sy het toe later toe begin om mooi in te skakel daar by die vlootvrouens en hy wou haar toe nie te veel verder gebruik nie.

Hy het toe op 'n stadium ingeskryf by die Sarac usei-universiteit in Amerika vir 'n MBA-graad, met die toestemming van die weermag, hulle het hom toestemming gegee, maar soos hy vir my gesê het die idee was vandaar was dit maklik deur Kanada na die Sowjet-Unie toe.

In 'n stadium het die Britte, hulle het 'n bron, 'n agent gehad in die Sowjet-ambassade. Die ou het toe inligting begin deurstuur daar na die MI6 toe en as gevolg daarvan, hulle het toe gevind, hy het vir hulle gesê van die inligting wat deurgaan .

Toe het hulle vermoed dit is 'n Amerikaner, hy werk vir die Amerikaners. Hulle het toe die CIA in gekry. Toe as gevolg daavan het hy toe weer op 'n sekere tyd gegaan het vir sy kursus daar, ek dink hy moes tweekeer 'n jaar gaan, het hulle hom toe nou voorgelê en hom gearresteer.

Hulle het hom toe nou op hierdie masjiene gesit en toe het hy met die hele storie na vore gekom, op die lappe gekom, en toe vind hulle uit hy werk nie vir ons nie, hy werk vir Suid-Afrika, jy sien. Hulle het hom daarso op 'n vliegtuig gesit en 'n stert op hom gesit, en op die lughawe het ons hom toe gearresteer , die veiligheidstak het hom gearresteer. Ons het toe sy plek deursoek. Toe het ons 'n klomp goed, bewysstukke, ek dink daar was oor die 90 reë le bewyse.

Toe die ondervraging begin het ons uitgevind hoe hy ons werklik gekompromiteer het. Net om jou 'n idee te gee, terwyl ek besig was met sy ondervgraging het hy vir my gesê al hierdie projekte wat hy so gekompromiteer het is eintlik vervat in die komperstelsel van die weermag.

Ek het toe vir Ernst Nieuwoudt, brigadier Nieuwoudt, hy het saam met my gewerk, my toegang tot die weermag, en toe sê ek vir hom ek wil graag al daai goed kry. Toe bring hulle die goed vir my, maar ek sal vir jou sê De Wet, dit is 'n pak goed gewees. Maar daar het ek weer gesien hoe verskriklike geheue die man gehad het en hoe briljant hy was. Hy het daai goed een vir een gevat. Ek vir hom gesê gaan nou die goed deur, kyk wat jy kompromiteer het.

En hy het een, een gevat, en vir my gesê ek daai projek gekompromiteer, daai gedeeltelik, hierdie is doodgebore , daai tipe van ding.

Met ander woorde ek moes 'n saak teen hom opbou. Onthou ek het geweet want hy het baie mooi saamgewerk. Hy sal die

| | |
|---|---|
| | eerste wees wat dit vir jou sal sê dat hy baie goed saamgewerk het , sy vrou ook, baie goed saamgewerk met my.<br>Maar onthou ek moes die saak bewys in die hof. Nou al hierdie dinge, tipe van dinge, kon ek toe nou gebruik om hom aan te kla, uiteindelik.<br>Net om jou ’n idee te gee. Terwyl hy in Amerika gearresteer is, het hulle ’n 35mm band in sy besit gekry. Daarop was oor die 200 bladsye waar hy die hele vloot kompromiteer het. Hy sou dit, vandaar af sou hy, natuurlik via Saracuse na Rusland toe gegaan het om dit aan sy hanteerder te oorhandig. Want op ’n stadium het Ruth Switserland toe gegaan, verskeie kere Switserland toe gegaan, met die voorwendsel sy gaan kuier vir haar familie.<br>Toe het die ontmoeting het nie plaasgevind nie en toe het hy gesê sy moet die goed in haar ma se woonstel laat. Toe sy sou hy daai band gevat het saam met daai goed, wat sy in Switserland gelos het, sou hy aan sy hanteerder oorhandig het. Maar dit het toe nie gerealiseer nie want op daai stadium het ons toe alreeds geweet van die storie.<br>Wat Gerhardt toe ook vir ons gesê het sy hanteerder op daardie stadium was ’n Rus met die naam van Bob. Hulle het ondertussen gereël dat hy sou vir Bob ontmoet by die Bundestrasse in Switserland in Zürich. Toe het ek die Switserse eweknie in kennis gestel en as gevolg daarvan het hulle toe vir Bob gearresteer.<br>Ek in op daai stadium gewag vir sekere dokumentasie wat hy by hom sou gekry het. Dit is baie interresant hoe hulle gewerk het, maar hoe dit ook al sy, toe het die Switserse polisie op sy besit sekere van die goed gekry wat ek kon gebruik het en wat toe ook as skakeling kon dien in my eie hofsaak.<br>Toe het ek en generaal Neethling, want in daai stadium het ons die hele issue al geweet, en presies geweet hoe om die goed te behandel.<br>Toe het ons oorgegaan en het ons vir die Switserse polisie daar gewys hoe die goed behandel word en toe vind ons uit dit is die goed wat ons in werklikheid voor gewag het wat toe ook daai skakeling in ons eie hofsaak kon verstrerk.<br>Hulle het natuurlik in die hofsaak gepoog. Hulle het twee verskillende advokate gehad wat altyd vir my snaaks gewees het. Daar was twee stelle advokate gewees. Hulle wou vir Ruth uit die dinge gehou het. In sy verklaring het hy ook gesê sy is onskuldig en daai tipe van ding. Maar wat gebeur het, op ’n stadium het ons die plek deursoek het ons ’n klomp tapes gekr y wat hy gemaak het terwyl hy besig was, hy het nie die goed vernietig nie. Hoekom nie, weet ek nie. Dit is ’n klomp van die goed wat ons gekry het.<br>Op een van die tapes was dit duidelik, Ruth het in die sitkamer gesit en hy was in daai stadium in die kombuis besig , dan vra sy |

| | |
|---|---|
| | vir hom, wat van hierdie, wat van daai. Met ander woorde ons kon bewys sy was nie ’n onskuldige draer van goed nie.<br>Sy het miskien nie die goed bymekaar gemaak nie, maar sy het geweet waaroor dit gaan. En dit kon ons bewys. Ons kon bewys sy was ’n hulp-agent gewees van Gerhardt .<br>En so was sy ook toe skuldig bevind. Sy het tien jaar gekry en hy het lewenslank gekry. Nouja, met die nuwe bedeling toe is hulle vrygelaat. |
| Interviewer | Ek wil net een ding by jou seker maak, die plek waar hy die kursus gedoen het in Amerika, hoe spel jy dit? |
| Herman | Dit is Saracuse universiteit. Dit is baie naby die grens met Kanada. |
| Interviewer | O, so dit was baie maklik vir hom om deur te gaan? |
| Herman | Ja.<br>Kyk, sy werkswyse as mens nou kyk na die moderne tegnologie sal mens sê dis ook maar ’n deurmekaarspul gewees wat ook maar lang uitgerekte, maar onthou van daai tyd af het tegnologie so verander dat dit daai tyd sou dit miskien nie so omslagtig geklink het nie.<br>Maar hy het natuurlik maandeliks het hy sekere radioberigte ontvang van, daar was ’n sekere kode gewees, en dan het hy nou sekere radioberigte ontvang in Morse-kode. Hy was natuurlik ’n fundi gewees op die gebied van Morse -kode, volgens die weermag en dan het hy daardie goed getranskribeer van Morse-kode af en dan het hulle wat hulle die OTP, die One Time Pad gehad. Gewoonlik het hulle ’n nommer gegee van die one-time-pad wat hy dan nou moet gebruik. Dan het hy dit met suur of wat behandel . |